**INLIGTING DUIWE PRESTASIES ENGELBRECHT J&T**

Hoogtepunte kortliks:

Sun City Million Dollar wedvlugte klok A1-Majestic eerste op kar wedvlug (nie geaktiveer),

A1-Pacer klok eerste op kar wedvlug en wen die kar, volgende kar wedvlug A1-Pacer "first drop", stap derde in. Sy wen Beste SA duif op "Car Race Averages", wat 13 de beste duif van 34 lande in kompetisie was. Sy eindig 7 de op Country Challenge Averages.

Op een jaar het A1-Daylight, A1-Forward, A1-Roamy, A1-My Boy, en A1-Pacer, (dit is vyf van ons nege ingeskrewe duiwe )'n total van 6 belangrike pryse gewen, en nog 'n paar kleiner pryse, plus die Beste SA Duif oor al vyf die "Hot Spot Car Races", asook 'n Tweede Beste SA Duif oor al die vlugte, wat 28 ste Beste teen al die lande, met duisende duiwe in kompetisie was.

Op 'n ander jaar, het A1-Breaker haarself onderskei deur Beste SA duif, 26 ste Beste teen al die kompeterende lande te eindig. A1-Trusty het ook gewys hy is sy naam waardig!!

Nesmaat van A1-My Boy, vlieg by Carnival City Internasionaal Somer kompetisie, 15 de Hoof wedvlug, op ,n moeilike vlug waar slegs 17 duiwe op die dag geklok kon word. Ook verwant aan A1-My Boy, het A1-Roamy en A1-Daylight, in die somer wedvlugte twaalfde, vyftiende en agtiende posisies behaal op "Hot Spots".

Nog 'n verwant aan hierdie bogenoemde duiwe van ons was A1-Shortcut, wat die Hoof wedvlug 623 km Dinokeng gewen het met 2 minute weg (Na 17h00 geklok). Nog 'n verwant, A1-Ruby, klok agtste op 780 km Dinokeng. En A1-Aeroflite was 13 de in die hoof wedvlug Dinokeng, wat haar en A1-Shortcut die wenner van die 2-Duif kompetisie maak. Op 'n ander jaar het A1-Dynamite die Derde prys op Hoof wedvlug Dinokeng, A1-Rough Diamond die Vierdie prys, en A1-Shiney die Dertigste posisie, en ons wen weereens die 2-Duif kompetisie.

By Dinokeng, het A1-Starlight die eerste prys gewen op die Tweede "Hot SpotTurbo Race",

Met A1-Starstruck in die vyfde posisie, en wen die 2-Duif kompetisie van die vlug.

In kompetisies by Carnival Allflight Winter 2019, vlieg ons duiwe onder meer:- 2 de 8 ste en 16 de 570 km; 4 de, 12 de, 14 de en 44 ste 649 km, 19 de 598 km, 15 de 705 km, en behaal ons duiwe ook "Ace Pigeon" Langafstand, ook 12 de "Ace" Langaftand. Hulle behaal ook 12 de, 15 de, 31 ste en 34 ste "Ace Pigeon Short Distance", en ook 22 ste en 26 ste "Ace Overall".

By Victoria Falls het A1-Blue Zest uitstekend gevlieg en was 10 de op Super Ace voor Hoof wedvlug. Valkbesering op hoofwedvlug ten spyt, eindig hy 65 ste Super Ace, 151 ste Ace Pigeon teen 'n paar duisend duiwe aanvanklik.

By Bloemfontein CPL, het ons duiwe prestasies onder andere ingesluit "Ace Pigeon", 10 de Hoof wedvlug voorheen, en In 2022 vlieg ons duiwe 4+15+16 de 558 km, 37 ste 320 km, 39 ste 488 km, 7 de 321 km, 13 de 263 km, 19+36 ste 390 km, 27 ste 690 km (Aanvanklik 1566 duiwe).

By Diaz het ons duiwe veelvoudige prestasies behaal tussen 6 de en 35 ste posisies teen aanvanklike getal van meer as 1000 duiwe.

By Winnersflight het ons 3 de 540 km Hoof Wedvlug, 12 de “Ace Pigeon” 4 de 345 km, 19 de 440 km behaal met Maskam 1378/20. In 2022 het Maskam 1677/21 op 18 de “Ace Pigeon” geeindig na prestasies 7 de 459 km, 21 ste 345 km, 24ste 438 km. Maskam 1649/21 het geeindig 22 ste “Ace Pigeon” na prestasies 1 ste 540 km, 11 de 245 km, 12 de Hoof wedvlug 630 km. (Aanvanklike getal duiwe 543 op 2 de Toss).

In Plaaslike Klub en Federasie kompetisies, het ons duiwe (tot ons in 2013 oor geskakel het na slegs Eendag Hok deelname) vele wenne oor alle afstande opgelewer. Ons was herhaaldelik klubkampioen, en binne die eerste 3 plekke van Federasie Kampioen. Ons duiwe het meestal in klub en Federasie die posisie van Duif van die Jaar met die meeste Punte (Ace Pigeon) behaal. Die duiwe het hulle kant gebring, en een jaar het ons op Klub en Federasie vlak, die eerste Tien Plekke op die Wyfie Kampioen uitslag behaal!!